

FINANSIËLE REKENINGKUNDE 700 Seminaar RS 7 – Voorgestelde antwoorde PH Ferreira	DEPARTEMENT REKENINGKUNDE UP
--	---

VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 1

- 1.1 Hierdie gebeurtenis het geen uitwerking op omstandighede wat op verslagdoeningsdatum bestaan het nie. Dit is dus 'n nie-aansuiwingsgebeurtenis.

Dit mag egter wel die gebruikers van die finansiële state se besluite beïnvloed. Ingevolge IAS 10.21, indien 'n nie-aansuiwingsgebeurtenis wesenlik is, dan sal nie-openbaarmaking die gebruikers se vermoë om behoorlike evaluering te doen en besluite te neem, beïnvloed. Daarom, met inagnome van die wesenlikheid van hierdie gebeurtenis, moet dit openbaar word.

Indien wel openbaar, toon:

- die aard van die gebeurtenis; en
- 'n raming van die finansiële uitwerking daarvan (of 'n verklaring dat die raming nie gemaak kan word nie).

Hierdie openbaarmaking sal in 'n aantekening gedoen word (geen aansuiwering word gemaak nie).

Die direksie sal dit moontlik ook in die direkteursverslag wil openbaar.

- 1.2 Verwys na 1.1. Oorweeg ook die lopendeszaak-beginsel.
- 1.3 Sou die finansiële probleme van die debiteur geheel en al na verslagdoeningsdatum ontstaan het (bv. deurdat sy fabriek deur 'n brand in puin gelê is en nie verseker is nie), word geen bykomende bewys van toestande op verslagdoeningsdatum verskaf nie. Dit is 'n nie-aansuiwingsgebeurtenis. Openbaar (moenie aansuiwer nie) die omstandighede in 'n aantekening, indien aanvaar word dat die gebeurtenis wesenlik is (verwys 1.1). Oorweeg ook die lopendeszaak-beginsel (IAS 10.14).

Indien die klant egter reeds op verslagdoeningsdatum finansiële probleme ervaar het, maar dit toe nog onseker was hoe ernstig dit was, en die onsekerheid nou uit die weg geruim is deur 'n bevestigende gebeurtenis wat aandui dat die probleme eg is, word wel bykomende bewys gelewer van toestande wat op verslagdoeningsdatum geheers het, en 'n aansuiwingsgebeurtenis bestaan dus. Die bedrag van die aansuiwering moet erken (aangesuiwer) word in die finansiële state. Die debiteur se saldo sal dus verminder word na die bedrag wat in die toekoms as invloei verwag kan word.

- 1.4 Die gebeurtenis dui nie op omstandighede wat op verslagdoeningsdatum

geheers het nie – dit het eers na verslagdoeningsdatum ontstaan en is dus 'n nie-aansuiwingsgebeurtenis. Dit mag egter die netto realiseerbare waarde van voorraad in die toekoms wesenlik beïnvloed. Daarom, indien daar aan die wesenlikheidsvereistes van IAS 10.21 voldoen word, sal die gebeurtenis openbaar (nie voor aangesuiwer) word by wyse van 'n aantekening (verwys na 1.1). Oorweeg ook die lopendeszaak-beginsel.

- 1.5 Indien die daling in markprys 'n inherente probleem bevestig t.o.v. die belegging wat reeds op verslagdoeningsdatum bestaan het maar wat nie op daardie stadium deur die mark verdiskonteer is nie, word die belegging aangesuiwer (as gedra word teen billike waarde) of getoets vir waardedaling (as gedra teen kosprys of geamortiseerde koste), aangesien 'n aansuiwingsgebeurtenis bestaan.

Indien die markprys egter gedaal het weens omstandighede na verslagdoeningsdatum, is dit 'n nie-aansuiwingsgebeurtenis wat geen aansuiwering aan die bedrae in die finansiële state vereis nie. Openbaarmaking van die gebeurtenis ingevolge IAS 10.21 mag moontlik vereis word as die gebeurtenis wesenlik is (verwys na 1.1). Die lopendeszaak-beginsel moet ook oorweeg word.

- 1.6 Die gebeurtenis lewer verdere bewys van omstandighede wat reeds op jaareinde bestaan het – die defek. Die gebeurtenis vereis dus aansuiwering aan bedrae in die finansiële state. 'n Huidige verpligting bestaan op jaareinde ten opsigte van gebeure in die verlede (verkoop van defektiewe goedere) wat sal lei tot 'n uitvloei van ekonomiese voordele in die toekoms. Voorsien vir die koste van herstelwerk ten opsigte van goedere wat reeds verkoop is. Oorweeg ook 'n afskrywing na netto realiseerbare waarde op die voorraad wat nog op verslagdoeningsdatum voorhande is aangesien die koste om te voltooi gaan verander. Oorweeg of eise om skadevergoeding voorsien moet word.
- 1.7 Die gebeurtenis het eers na verslagdoeningsdatum plaasgevind en die omstandighede het nie op verslagdoeningsdatum bestaan nie. Dit is dus 'n nie-aansuiwingsgebeurtenis. Openbaar in 'n aantekening ingevolge IAS 10.21, indien wesenlik. Oorweeg ook die lopendeszaak-beginsel.
- 1.8 Ingevolge IAS 10.12 moet dividende wat na verslagdoeningsdatum voorgestel of verklaar word, nie as 'n las op verslagdoeningsdatum erken word nie. Hierdie dividende moet in 'n aantekening openbaar word, met vermelding van die bedrag van die dividend, asook die bedrag per aandeel.

VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 2

Slegs 2.1 en 2.5 vereis aansuiwerings, aangesien dit die enigste twee gebeure is wat verdere bewys lewer van omstandighede wat reeds op verslagdoeningsdatum geheers het. Aantekeninge sal egter wel nodig wees in die ander gevalle (2.2 tot 2.4), waar die gebeurtenis (nie-aansuiwerings) as wesenlik beskou word – verwys na IAS 10.21.

VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 3**LUGBEVOGTIGERS**

- Die verlies van die voorraad is 'n gebeurtenis na verslagdoeningsdatum wat ongunstig is (verlies van R1 470 000) en wat dui op omstandighede wat na verslagdoeningsdatum ontstaan het (langnaweek in Oktober 20X6) – nie-aansuiweringsgebeurtenis.
- Aansuiwering van bates of laste is nie nodig nie, maar dit is nodig om te oorweeg of die lopendesaak-veronderstelling m.b.t. die maatskappy steeds gepas is.
- IAS 10.21 moet ook oorweeg word – indien die nie-aansuiweringsgebeurtenis wesenlik is, sal nie-openbaarmaking lei tot gebruikers wat nie behoorlike evalueringe kan doen en besluite kan neem nie. Indien die gebeurtenis as wesenlik beskou word, moet die volgende aspekte dus in 'n aantekening geopenbaar word:
 - die aard van die gebeurtenis;
 - die finansiële uitwerking daarvan.

MOONTLIKE OORNAME

- Die moontlike oorname het eers na jaareinde 'n aanvang geneem. Die onderhandelinge na jaareinde bevestig nie omstandighede wat reeds op verslagdoeningsdatum bestaan het nie, en gevolglik is dit 'n nie-aansuiweringsgebeurtenis.
- Ten einde behoorlike evaluasie en besluitneming deur gebruikers moontlik te maak, moet die gebeurtenis (indien wesenlik) ingevolge IAS 10.21 in 'n aantekening openbaar word.

VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 4

Die kwessie ter sprake is of die dividendvoorstelling na jaareinde in die 20X0-state as 'n las erken behoort te word.

Ingevolge Die Konsepsuele Raamwerk par.4.4(b) is 'n las:

- 'n huidige verpligting;
- as gevolg van vorige gebeure;
- waarvan die vereffening sal lei tot 'n uitvloeï van ekonomiese voordele.

Huidige verpligting:

Die verpligting vir 'n dividend ontstaan eers nadat dit deur die aandeelhouders op 'n algemene jaarvergadering goedgekeur is, wat dan lei tot die formele verklaring van 'n dividend.

Die voorstel deur die direksie gee dus nie aanleiding tot 'n huidige verpligting nie.

As gevolg van vorige gebeure:

Die voorstel deur die direksie is die vorige gebeurtenis, maar dit lei nie tot die ontstaan van 'n huidige verpligting nie.

Met 'n waarskynlike uitvloeï van ekonomiese voordele by vereffening:

Die betaling van die dividend is die verwagte uitvloeï.

Gevolgtrekking en verdere bespreking van rekeningkundige hantering

Die voorgestelde dividend kan nie op jaareinde as 'n las erken word nie.

Hierdie is dus 'n nie-aansuiweringsgebeurtenis ingevolge IAS 10, aangesien dit in geheel na jaareinde ontstaan.

IAS 10 vereis vermelding van die aangeleentheid in 'n aantekening tot die state indien dividende na jaareinde verklaar of voorgestel is. Hierdie openbaarmaking word gedoen in terme van IAS 1.137.